

die welstand te vra en hom te seën nadat hy teen Hadarezer geveg en hom verslaan het, want Hadarezer was 'n vyand van Tou. Ook allerlei goue en silwer- en kopervoorwerpe het hy saamgebring. 11 Dit het koning Dawied ook aan Yahweh afgesonderd saam met die silwer en die goud wat hy van al die nasies geneem het, van die Edomiete en van die Moáviete en van die kinders van Ammon en van die Pelieshtyne en van die Amalekiete. 12 Ook het Avishai, die seun van TseruYah, die Edomiete in die Soutdal verslaan, agttien duisend. 13 En hy het wagposte in Edom geplaas, sodat al die Edomiete knegte van Dawied geword het; en Yahweh het Dawied die oorwinning gegee oral waar hy getrek het. 14 En Dawied het oor die hele Yiesraël regeer en reg en geregtigheid aan sy hele volk gedoen. 15 En Yahuáv, die seun van TseruYah, was oor die leër; en Yahushafat, die seun van Agilud, was kanselier. 16 En Tsadok, die seun van Agituv, en Agimeleg, die seun van Avyatar, was priesters, en Shausha<sup>1</sup> was skrywer. 17 En BenaYah, die seun van Yahuyada, was oor die Kreti en die Pleti, en die oudste seuns van Dawied was in diens van die koning.

## 1 Divre Hayamiem / Kronieke

**19:1** Daarna het Nagash, die koning van die kinders van Ammon, gesterf, en sy seun het in sy plek koning geword. 2 Toe sê Dawied: Ek wil guns bewys aan Ganun, die seun van Nagash, want sy vader het aan my guns bewys. Daarom het Dawied boodskappers gestuur om hom te troos oor sy vader. Toe dan die dienaars van Dawied in die land van die kinders van Ammon by Ganun aankom om hom te troos, 3 het die heersers van die kinders van Ammon vir Ganun gesê: Eer Dawied u vader in u oë, omdat hy vir u troosters gestuur het? Het sy dienaars nie na u gekom om die land te deursoek en dit om te keer en te verken nie? 4 Daarna neem Ganun die dienaars van Dawied en skeer hulle en sny hulle klere in die helfte af tot by die sitplek, en hy het hulle laat gaan. 5 En toe hulle heengegaan het en van Dawied aangaande die manne berig gebring is, stuur hy bodes om hulle te ontmoet, want die manne was baie skaam; en die koning het gesê: Bly in Yerigo totdat julle baard weer gegroei het; kom dan terug.

6 Toe die kinders van Ammon sien dat hulle hul by Dawied gehaat gemaak het, het Ganun en die kinders van Ammon duisend talent<sup>2</sup> silwer gestuur om vir hulle strydwaens en perderuiters uit Aram Nahariem<sup>3</sup> en uit Aram-Maágah en uit Tsova te huur. 7 En hulle het vir hulle twee en dertig duisend waens gehuur, en die koning van Maágah met sy manne; en hulle het gekom en voor Medeva kamp opgeslaan; ook die kinders van Ammon het saamgekom uit hulle stede om oorlog te voer. 8 En Dawied het dit gehoor en Yahuáv met die hele leër, die helde, gestuur. 9 En die kinders van Ammon het uitgetrek en hulle vir oorlog gereed gemaak by die ingang van die stad, terwyl die konings wat gekom het, afsonderlik in die veld was. 10 Toe Yahuáv sien dat 'n aanval van voor sowel as van agter hom bedreig, het hy uit al die uitgesoektes in Yiesraël uitgekies en hulle teenoor die Arameërs<sup>4</sup> opgestel. 11 Maar die orige manne het hy onder bevel van sy broer Avishai gegee, en hulle het hul teenoor die kinders van Ammon opgestel. 12 En hy het gesê: As die Arameërs vir my te sterk word, dan moet jy my te hulp kom, en as die kinders van Ammon vir jou te sterk word, sal ek jou te hulp kom. 13 Wees sterk en laat ons saam moedig wees vir ons volk en vir die stede van onse Elohiem. Mag Yahweh dan doen wat goed is in sy oë! 14 Daarna het Yahuáv en die manne wat by hom was, nader gekom vir die geveg voor die Arameërs, en hulle het vir hom gevlug. 15 Toe die kinders van Ammon sien dat die Arameërs vlug, het hulle ook vir sy broer Avishai gevlug en die stad ingegaan. En Yahuáv het in Yerushalayiëm aangekom. 16 Toe die Arameërs dan sien dat hulle voor Yiesraël verslaan was, het hulle boodskappers gestuur en die Arameërs laat uittrek wat oorkant die Perat was, met Shofag, die leërowerste van Hadarezer, op hulle voerpunt. 17 Intussen het Dawied daarvan berig ontvang en die hele Yiesraël versamel en deur die Yarden getrek. Toe hy by hulle aangekom het, het hy hom teen hulle opgestel; en nadat Dawied hom teenoor die Arameërs opgestel het, het hulle

<sup>2</sup> 19:6 Letterlik: “kikars”, elk ongeveer 40 kilogram swaar.

<sup>3</sup> 19:6 Letterlik: Aram tussen twee riviere, verwysende na die Tigris en die Perat.

<sup>4</sup> 19:10 “Ammoniete”, volgens 2 Shemuel 10:10.

<sup>1</sup> 18:16 “SeraYah”, volgens 2 Shemuel 8:17.